# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 6:4 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 1 | November/Desember 1994 | Vol. 3

## DIE GROOTSTE VYAND VAN ONS BELYDENISSKRIFTE

By 'n sekere baken kan geen Gereformeerde kerk sonder stryd verbygaan nie. Ook geen lidmaat kan hierdie stryd misloop nie. Dit is die worstelstryd oor die Belydenisskrifte. Soms word dit in die kerkgeskiedenis selfs 'n oorlewingstryd. Dink maar aan die aanslag van die Ariane teen die kerk se leer oor die godheid van Christus [4de eeu] en die verwerping van die leerstukke oor die uitverkiesing deur die Remonstrante in 1618. Die aanvalle teen die Gereformeerde belydenis vanuit die wêreld, maar ook vanuit eie geledere word sterker. Dit is egter die ou stryd van eeue wat teen die einde van die 20ste eeu steeds feller sal toeneem.

Die kritiek teen die **Drie Formuliere van Eenheid** [Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls] word in kerke wat hierdie belydenis huldig, 'n algemene verskynsel. Agter pogings om die vrou in die amp te kry, kinders aan die Nagmaal te laat deelneem, die godheid van Allah van die Islam te eerbiedig en nog meer pogings - dit alles wys daarop dat die Gereformeerde belydenis 'n harde stryd tegemoetgaan. Die afkeer onder afvalliges word duideliker.

### Is die Belydenisskrifte noodsaaklik?

Die vrae word agressief dringend:

Die Belydenisskrifte is tog mensewerk en waarom dan so belangrik?
Die Belydenisskrifte is argaïs, ouderwets en uitgedien - waarom nog daaraan kleef?
Die Bybel is genoegsaam en waarom ons moderne mense met eeue-oue geskrifte opsaal?
En as die kerk dan op Belydenisskrifte gesteld is, waarom kan dit nie eenvoudiger geskryf word nie? Ons leef tog in 'n ander tyd met sy eie probleme.

Wie is nou die mense wat met hierdie kritiek rondloop en stemming maak? Kom ons identifiseer 'n enkele een van hierdie teenstanders van die Gereformeerde Belydenisskrifte, nl. <u>hulle wat die Skrifgesag verwerp.</u> [Daar is nog meer vyande soos die biblisiste, die ontroues aan hulle eie belydenisaflegging en sekere sektariese bewegings].

Dit is 'n opvallende verskynsel: Mense wat nie meer die Bybel as God se Woord wil handhaaf nie, maar aan die Skrifgesag torring, wil ook niks meer weet van die kerk se Belydenisskrifte nie. Met die kerk se <u>leer</u> wil hulle niks te doen hê nie. En nou is dit die groot ironie dat dit 'n tendens binne gereformeerde kerke in die wêreld geword het. So word byvoorbeeld in 'n offisiële rapport van *De Gereformeerde Kerken in Nederland* in die boek *"God met ons"* die Skrifgesag in twyfel getrek. Daar word gevra vir 'n <u>nuwe benadering</u> tot die "feilbaarheid" van die Bybel. Die <u>Skrifinspirasie</u> word heeltemal anders as in die Gereformeerde Belydenisskrifte verduidelik:

"Inspiratie door de Heilige Geest beperkt zich maar niet tot het verre verleden van de bijbelschrijvers, maar zet zich voort in het werk van theologen en gemeentegroepen..."

Dáár het ons dit: Die inspirasie van die Bybelskrywers deur die Heilige Gees en die "inspirasie" van moderne teoloë word gelykgeskakel. Met een pennestreep word artikel 3 van die Nederlandse Geloofsbelydenis deurgehaal. Wat prof. X of ds. Y vandag skryf is net so goed deur die Heilige Gees geïnspireerd as die Bybelboeke. So word die Bybel 'n boek van <u>mense</u> - beskadig,

### *IN HIERDIE UITGAWE*


* DIE GROOTSTE VYAND VAN ONS BELYDENISSKRIFTE...... P. 1
* JESUS EN DIE PSALMS............ P. 2
* SKRIFOORDENKING LUKAS 1:18-20............ P. 3
* DIE WITSKRIF OOR ONDERWYS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE ONDERWYS............ P. 5
* BOEKERESENSIE............ P. 6

besoedeld, bevlek deur mense; kwesbaar, ontoereikend in swak mensetaal, vol teensrydighede. Net so word op hulle beurt die geskrifte van hedendaagse teoloë weer boeke van God. Dit is 'n gelykmakingsproses. Die belydenis oor "die gesag van die Skrif" [art. 5 NGB] en "die volkomenheid van die Heilige Skrif" en dat "geen geskrifte van mense" met die "Goddelike Skrif gelykgestel" mag word nie [art. 7 NGB] word geleidelik deur 'n sogenaamde "nuwe hermeneutiek" [nuwe Skrifverklaring] opgeruim.

Maar hy wat getrou is aan die Gereformeerde belydenis sê dit op grond van die Skrif anders. Hy sê dit nie alleen nie, hy bely dit:

*"Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê [2 Pet. 1:21]. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte [die profete en apostels] beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel, en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif."* [Art. 3, NGB]

En die gevolge as die Gereformeerde belydenis oor die Skrifgesag nie meer gehandhaaf word nie? Dan loop alles verkeerd. Die teoloog met sy sogenaamde "inspirasie" begin agter sy studeertafel dwaal. As die professor nie meer die Skrifgesag eerbiedig nie, word sy kateder in die klaskamer 'n verhoog van dwaalleer. Die student wat sy meester se vrysinnigheid vir soetkoek opeet, word weldra op die preekstoel 'n dwaalleraar. En die gemeente? . . . O, arme gemeente wat met klippe in plaas van die lewende brood gevoed word! As die kerke dan leegloop? Sal dit weer met kunsmatige middels buite die Woord kan gevul word? 'n Luisterryke, aanloklike erediens met kitare en handeklap, met swier en 'n "sosiale evangelie"?

Nee, alleen die Woord moet dit doen.

Maar as die kerkmense nie meer die Bybel as God se Woord wil eerbiedig nie - dan is die kerk nie meer kerk nie. As die dominees nie meer die Kategismus wil preek nie, dan verstaan die gemeente nie meer die leer volgens die waarheid van die Skrif nie. En as die lidmate ontrou aan hulle eie belydenisaflegging word . . . wel, dan kom alles op losse skroewe.

Preek! Goed preek! Die suiwer, onvervalsde evangelie preek. En die kinders? Laat hulle maar deeglike katkisasie ontvang - by die huise en in die kerk. Laat die onderwys in die waarheid van die Woord wees. Laat almal met brandende ywer na die kerk gaan en dáár week na week groei in die kennis van die ewige waarheid:

"Bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee . . ." [2 Tim. 3:14,15]

Gaan lees maar 'n slag jou Belydenisskrifte. Gaan kyk baie goed hoe dat dit punt vir punt op die Woord van God gegrond is. Bestudeer dit. Werk hard daaraan. As jy dit nie wil doen nie. Goed. Hou dan op met jou kritiek, want sonder kennis daarvan, is jy met 'n gevaarlike spel besig. Miskien is jy ook reeds 'n vyand van die Gereformeerde Belydenisskrifte. Is dit omdat die Bybel nie meer in alle opsigte gesagvol is nie - gesagvol, soos wat die Belydenisskrifte leer?

* * * * *

## JESUS EN DIE PSALMS [2]

### Jesus sing sy eie Psalms

Vóórdat Jesus van die Nagmaalstafel opstaan om na die tuin van Getsemane te vertrek, sing Hy eers 'n lofsang. Matteus en Markus vertel dit [Mt. 26:30; Mk. 14: 26]. Dis die laaste nag voor die kruis. Sover die donkerste nag in Jesus se lewe. Verskriklik donker. Buite skyn die maan op sy helderste want dit is Paasfees in Israel. Maar vir Jesus? Oor minder as twaalf uur hang Hy aan die kruis. Dan loop sy bloed. Alles 'n onbeskryflike, vreeslike skouspel.

Maar Jesus gaan al **singende** op hierdie pad. Van die Paaslam op die tafel van die Nagmaal na Golgota is die bloedpad, maar Hy begin dit met "die lofsang". Onder andere sing Hy Psalm 118:

*Loof, loof die Heer met lofgesange!*
*O Isr'el, wees in God verblyd.*
*Sy goedheid volg Hom in sy gange,*
*Sy goedheid duur in ewigheid. . .*

Hierdie "goedheid" van God . . . die kruispad? Die pad van bloed? Psalm 118 is die slotsang van die reeks Paasliedere van Psalms 113 tot 118. Vir eeue lank het dit altyd met die Paasnag weergalm. Hulle noem dit die "Groot Hallel", 'n verkorting van die woord *Halleluja* wat "loof die Here" beteken. Daarvoor is duisende lammers geslag. Baie duisende huisgesinne het elkeen so 'n geslagte lam op die tafel.

Hierdie geslagde lam! Daarop val al die aandag. Plegtig vertel die huisvader of 'n plaasvervanger die geskiedenis van die laaste donker nag van Israel in Egipte. Dit was

eeue vantevore. Die teken dat die doodsengel nie Israel se oudste kinders sou tref nie, was die lam se bloed aan die deurkosyne. Dit staan in Eksodus 12:13:

*"Die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees as Ek Egipteland tref nie. En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees".*

Dit is Israel se groot Paasfees - die fees van die geslagte lam, die fees van die verlossing uit die slawerny van Egipte. O, die verskriklike Egipte! Dáár is die Joodse seuntjies by hulle geboorte doodgemaak. En as daar tog van hulle bly lewe, moet hulle in die Nyl verdrink word [Ex. 1:16,22]. Dít was die plek waar hulle klein kindertjies in die Nyl gegooi is. Egipte met sy arbeidskampe, sy marteling en bloed. Dáár het die jongmanne se rugge krom geword onder die bouklippe en sweepslae. Dáár het die volk se gebede 'n "gekerm en gesug en 'n weeklaag" onder die verskriklike slawerny geword [Ex. 2:23,24].

Maar op sy tyd het God verlos! Hy het hulle laat wegtrek na 'n beloofde land. Agter die horison het hulle leë huise bly staan - eensaam en verlate met 'n bloedstreep teen die deur. Die Paaslam is geslag. En nou is daar vreugde. Dit word 'n jaarlikse fees van God se verlossing in die verlede.

Maar dit is ook die fees van die *toekoms* - die fees van die ewige verlossing deur die Christus wat moes kom. Daarvoor moet hulle die lofpsalms 113 tot 118 tydens die ete van die Paaslam aanhef. Uit alle Joodse monde van Jerusalem weergalm dit. Oor die hele land tot in die verste uithoek weerklink hierdie psalms soos 'n magtige koorwerk - huis na huis, straat na straat. Op die eensame plase word dit gehoor. In die verre wydtes waar groepies saamkom sweef die tone van hierdie liedere. In die klein dorpies klink die lofsange. Ook die verstrooide Israeliete in Rome, Athene en Alexandrië sing in die Paasnag dieselfde psalms.

En nou is dit die Donderdagaand voor die kruisiging. Het die derduisende Paassangers dit geweet? Het hulle ooit besef: hierdie nag is die laaste Paasfees van die Ou Testament?

Ag, die dissipels by Jesus het dit nie eens besef nie. Selfs toe Hy met hierdie laaste Paasfees die Nagmaal ingestel het en die gebreekte brood as teken van sy gebroke liggaam aangekondig het en die wyn wat uitgegiet word as teken van sy bloed, het hulle dit nog nie verstaan nie. Hulle het dit nog nie raakgesien nie. Hulle het nie geweet wat dit beteken toe Hy gesê het:

*"Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly"* [Lk. 22:15]

Hierdie pasga en dan die lydingspad...
Hierdie laaste geslagde lam en dan die werklike Lam van God aan die kruis...
Hierdie laaste beker wyn en dan die bloed wat vloei...

*"Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader".* [Mt. 26:29]

Dit was Jesus se laaste woorde voordat Hy en sy dissipels Psalms 113, 114, 115, 116, 117 en 118 gesing het.

Nou is Israel se laaste Paasfees gevier. Naby middernag op daardie Donderdag groet die Jode weer mekaar. Families wat saam was sê "goeie nag". Vriende wuif mekaar toe: "Sien mekaar weer volgende jaar met Paasfees in Jerusalem". Maar daar sal nie weer 'n volgende jaar wees nie - nie vir 'n Paasfees van die Ou Testament nie. Dan is die ewige Paaslam reeds lankal geslag - aan die kruis.

Natuurlik het die Jode wat Jesus gekruisig het verder met hulle eie Paasfees voortgegaan. Die Joodse geskiedskrywer Flavius Josefus vertel dat hulle in die tyd van keiser Nero van Rome [in ongeveer 60 nC] met een so 'n Paasfees in Jerusalem 250 000 lammers geslag het. Strome bloed het uit die tempel gevloei. Maar nie een enkele druppel van hierdie bloed kon versoening met God bring nie. En al die jare in daardie eerste eeu na Christus het hulle voortgegaan, jaar na jaar; ook eeu na eeu tot vandag nog na twintig eeue. 'n Harde vormgodsdiens, 'n kille eiegeregtigheid. 'n Meedoënlose wettiese liturgie.

Die psalms van die laaste Paasfees is gesing. Die Psalms van die eerste Nagmaal het begin ... en hou steeds nog aan... totdat Jesus weer kom!

[Volgende keer: *Jesus dig sy eie Psalms]*

V.E. d'Assonville

* * * * *

## SKRIFOORDENKING
## LUKAS 1:18-20

Sagaria beteken "die Here onthou". Sagaria is besig met sy diensbeurt in die tempel. Daar is hy besig om die volk te herinner aan die beloftes van God wat vervul gaan word. Maar hy sien nie in dat hy persoonlik daarby

betrek is nie. Toe die engel aan hom verskyn, toe vergeet Sagaria. Hy vergeet dat God persoonlike belofte boodskappe stuur. Die engel sê dit baie duidelik: "... **ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring.**' Sagaria is besig met sy dienswerk, maar hy vergeet dat God hom, persoonlik, daarby intrek om die goeie boodskap van verlossing te bring.

## "Waaraan sal ek dit weet..."

Hoe reageer Sagaria op die boodskap? Hy vra in ongeloof oor die saak waarby hy betrek word 'n teken: "Waaraan sal ek dit weet?" Hy verwag God moet Homself eers bewys voordat Sagaria betrokke gaan raak. Gabriël beteken die "krag van God". Daardeur maak God bekend dat Hy die dinge wat Hy besluit, uitvoer. Hy gaan nie op Sagaria se verskoning in dat hy 'n ou man is nie.

## Reserwe gelowiges?

Sagaria vra 'n teken omdat hy homself sien asof hy in God se reserwe span speel. Sagaria twyfel nie aan die redding nie, ook nie vir hom nie, maar hy beskou dit as vir eendag in die toekoms.

Met die kersgety en die nuwe jaar moet ons onsself weer voor God se Woord spieël. Beskou ek myself as 'n reserwe gelowige? Met ander woorde: ek glo ook dat ek gered is, en dat God dinge doen, wonderlike dinge, maar nie deur my nie. God se beloftes is net vir eendag. God is so groot dat Hy my eintlik oorslaan. "Ek is 'n ou man..." sê Sagaria, so asof Hy daardeur wil sê, God het sy kans met hom gehad, maar nou is dit te laat.

## Verspreide kanker

In baie van ons gemeentes kry ons ook hierdie verskynsels wat soos 'n kanker versprei en die kerk van die Here kragteloos wil maak. Die verskynsel naamlik dat gelowiges hulleself nie in die diens van God sien nie. Daarmee word bedoel dat daar 'n tendens ontstaan het dat as jy God wil dien dit eers sogenaamd "amptelik" moet wees.

Eers op die kerkraad kom, voordat jy dink jy het 'n mandaat van God om iemand te vermaan. Eers 'n bietjie ouer word voordat ek my gawes sal raaksien en inploeg soos God dit bedoel. Self ons afgetrede lidmate word dikwels of as tweedeklas lidmate behandel of as waardevolle, maar onbruikbare, museumstukke. Met hierdie ingesteldheid moet gebreek word. God stuur persoonlike boodskappe en verwag onmiddelike gehoorsame dienswerk.

## Stom

God maak Sagaria doof-stom. In Sagaria se diensbeurt was dit sy werk om die volk te seën. Nou maak God hom stil, weens sy ongeloof oor die feit of God hom gebruik, maak God dat hy nie sy dienswerk kán doen nie.

## Aanmeld vir diens

Hoeveel lidmate staan ook stom in God se diens omdat hulle nie wil breek met die gedagte dat God buitendien nie iets met en deur hulle verrig sal kry nie. Die huidige gewilde stelling: "Ek is maar 'n leek" is 'n ongehoorsame en onaanvaarbare verskoning om lyf weg te steek in God se diens. In kerstyd gedenk ons die Verlosser se geboorte. Niemand kan sy verlossing bely, sonder om vir diens by God aan te meld nie. God verlos ons ook van die stomheid wat so dikwels ons dienswerk kenmerk. As ons waarlik oor hierdie saak tot bekering kom sal ons God weer persoonlik vra: "waar moet ek wees, Here, wat moet ek doen en vir hoe lank moet ek dit doen?"

## Roepingsgetrouheid

God eis roepingsgetrouheid. Dit beteken dat God elke gelowige persoonlik betrek by sy uitbreiding van sy koninkryk. As jy in Christus glo, wil God deur jou iets bereik. Weet jy wat dit is, wil jy weet? Of is jy stom van die ongeloof, deur allerhande oppervlakkige verskonings.

## Ampsgetrouheid

God eis ampsgetrouheid van jóú. Die gelowige moet weet: God wil met my en deur my iets bereik. God wil deur my sy koningskap bevestig en duidelik laat blyk. God wil as't ware my "diensbeurt" hier op aarde gebruik op 'n baie persoonlike en intieme, unieke manier. Weet jy watter werk God vir jou in die nuwe jaar uithou? Sagaria se naam sê die Here onthou. Hoe kan ons met 'n stom diensbeurt in die nuwe jaar plegtig ons geloof in God bely? Dan het ons iets vergeet. Ons het vergeet dat God onthou om my, as verloste, in sy koninkryk te gebruik.

* * * * *

# DIE WITSKRIF OOR ONDERWYS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE ONDERWYS

## Verreikende gevolge

Indien die sogenaamde heropbou en ontwikkelingsprogram (HOP) sy loop neem in die onderwys, gaan dit geweldige implikasies hê vir die opvoeding van ons kinders. In die maandblad van die Transvaalse onderwysvereniging Mondstuk Julie 1994 (p 3), word die volgende stelling oor die witskrif oor die onderwys gemaak, veral met betrekking tot die HOP.

"Sterk klem word gelê op die ontwikkeling van 'n geïntegreerde stelsel van onderwys en opleiding wat gelyke geleenthede sal bied aan alle inwoners van die land **sonder** dat ras, kleur, geslag, klasse-indeling, taal, ouderdom, **godsdienstige oortuigings**, geografiese ligging of politieke en ander oortuigings 'n rol sal speel. Die ontwikkeling van die individu en die gemeenskap en die kweek van respek vir menseregte en fundamentele vryhede, is 'n taak wat aan die onderwys toegedeel word . . . Die beginsels van **Fundamentele Regte moet bevorder word."**

## Sonder godsdiensoortuigings?

Hoe kan 'n onderwys departement verwag dat godsdiensoortuigings geen rol mag speel in die onderwys nie? Is die feit dat God die Skepper is, of dat die mens alleen gered word deur geloof in Jesus Christus ook maar bloot 'n godsdiensoortuiging wat goedskiks geïgnoreer kan word in die onderwys? Watter deel van die onderwys het nie te make met God nie? Wil die onderwys departement hê ons moet die Here vergeet, maak asof sy waarhede nie vir die opvoeding van ons kinders geldig is nie?

Onderwys gaan oor veel meer as sogenaamde godsdienstige oortuigings. Onderwys gaan oor die waarheid, dat kinders opgevoed moet word in die vrese van die Here. Hierdie is nie iets wat afgemaak kan word as "'n christelike siening" nie. God eis dit van alle mense (Ps. 117). Moet ons aanvaar dat God se werk in ons lewens bloot vrome godsdienstige oortuigings is en niks meer nie? Dit mag tog nie - ter wille van God se eer.

## Skrif of witskrif?

'n Tweede stelling in MONDSTUK lui soos volg:
"Onderwysers moet hulleself verbind tot die HOP-doelstellings en moet toegerus wees om dit op 'n positiewe wyse ten uitvoer te bring. Besondere begrip en ook buigsamheid ten einde die uitdagings van die nuwe benaderings ten opsigte van die kurrikulum, onderrigmetodes, sertifisering en die integrering van die onderwys en opleidingstelsel moontlik te maak, word gevra."

As daar van onderwysers verwag word om die fundamentele regte as riglyn te aanvaar ten einde aan die HOP uitvoering te gee, **dan het daar iets in die plek van die Skrif gekom wat aanvaar word as die maatstaf waarvolgens onderwys moet plaas vind.** Die witskrif vir onderwys hou 'n groot gevaar in vir die reeds beleerde gereformeerde belydenis met betrekking tot die Skrif.

## Nie twee maatstawe nie

Die keuse is duidelik:
- ⭑ of die Skrif, die Woord van die lewende God in al sy waarheid,
- ⭑ of die fundamentele regte,

is die maatstaf van die onderwys. Die een verdra die ander nie.

God laat nie toe dat sy Woord ter syde gestel word nie. Erken ons dan so maklik dat die Skrif nie meer vir elke lewensterrein iets te sê het nie, in die besonder vir kinderopvoeding? Wat het geword van ons belydenis: "Heer u woord is my 'n fakkel wat sy ligglans voor my dra."

## Hand en tand

Die voorgestelde witskrif aanvaar nie God se Woord as riglyn vir die hele lewe nie, daarom kan en moet so 'n siening van die onderwys hand en tand beveg word. Vir die christendom hou die witskrif, as dit geïmplimenteer word, niks goeds in nie. Om die rede is dit gebiedend noodsaaklik dat gereformeerdes baie sterk teen die huidige onderwys beleid kapsie maak.

Om te beweer dat die HOP niks met 'n politieke beleid te doen het nie, is 'n onrealistiese verbeeldingsvlug. Die HOP is uit en uit 'n politieke program van die regering van nasionale eenheid wat deur die ANC beheer word, wat ten alle koste geïmplimenteer wil word. Die HOP se implikasie gaan nie die beloofde land Kanaän op ons laat neerdaal nie, inteendeel . . . In die onderwys word vanuit die HOP verwag dat die Skrif as rigsnoer vervang word met menslike programme en aksies - en dit is God-onterend.

## Vergeet

As dit aanvaar word dat geen geloofswaarhede in die onderwys 'n rol mag speel nie, dan word God vergeet. Dan word in dieselfde strik getrap as die volk Israel in die dae van Jeremia, en God se toorn het teen die volk uitgebreek sodat hulle uiteindelik verstrooi is. "Dit is jou lot, die deel wat Ek jou toegemeet het, spreek die Here, **omdat jy My vergeet het** ". Jer. 13:25

Geen mens, geen owerheidspersoon, mag ons dwing om God te vergeet nie - allermins in die opvoeding van God se verbondskinders.

* * * * *

# BOEKERESENSIE

## Watter Skool

Deur dr. JG Meijer
Uitgegee deur PRINTBURO
Voorgestelde prys R15-00

Hierdie boek is onontbeerlik vir iemand wat sy kind skool opleiding wil laat ontvang in die vrees van die Here. Die skrywer beoog die volgende met die boek: hy wil die aandag vestig op die ouer se plig binne die verbond, en hulp verleen by die stigting en uitbou van gereformeerde skole. Die boek is baie logies verdeel in vier hoofstukke en bespreek die saak diepsinnig uit 'n prinsipiële hoek. Die boek is nie in ontoeganklike vaktaal geskryf is nie, maar stewig begrond en wel deurdag.

Vrae wat ondermeer beantwoord word is:

- Wie behoort watter verantwoordelikheid vir onderwys te dra,
- Watter norme moet vir die Christelike onderwys gestel word,
- en watter soort skool kan verantwoordelikheid vir Christelike onderwys dra en die beste aan die norme vir die onderwys voldoen.

Omdat die skool tradisioneel óf onder die staat óf onder die kerk se toesig geplaas is, is dit insiggewend dat die skrywer pleit vir die eerbiediging van die oueramp. Die rol van die kerkraad is dat alleen kerklike sake op kerklike wyse behandel moet word. Dit bring mee dat die ouer toegerus moet word vir sy amp as verbondsouer. Die staat se taak ten opsigte van die onderwys word ook nie alleen skriftuurlik belig nie, maar daar word ook handige riglyne gegee van wat die owerheid se onderwys beleid alles kan behels.

## 'n Skoolorde

Die sterkpunt van hierdie boek is die 33 norme wat in hoofstuk 3 vir Christelike onderwys gestel word. Hierdie norme is afgelei uit Skrif beginsels. Die nuwe hiervan is dat daar, miskien vir die eerste keer in Suid-Afrika, nie alleen net prinsipiële lyne getrek word nie, maar dat daar oorgegaan word om ook 'n "skoolorde" op te stel. Waar die kerkordes God se orde vir sy kerk wil verwoord, is dit beslis nuwe denke om in die rigting van 'n skoolorde te begin dink. As hierdie 33 norme kan dien as basis vir gesprek oor wat God se wil en orde alles behels vir die skool en opvoeding dan sal daar beslis nuwe grond gebreek word.

Om 'n idee te gee van hoe die norms verwoord is word norm 11 hier gegee: "Die Woord en die diens van God behoort die vakonderrig in die Christelike skool te deurdring". Die implikasie van hierdie norm is dat alle vakke skriftuurlik aangepak moet word, iets wat in die huidige tydvak van 'God-lose' wetenskap dringend noodsaaklik is.

Daar kan en moet natuulik nog geskaaf word aan die norme. As mens aanneem dat die belangrikste norm eerste gegee moet word, onstaan die vraag of norm 3 (wat handel oor die uitvoering van die kultuuropdrag) nie dalk eerste gestel kan word nie. Verder kan ook gevra word of daar nie meer gesê kan word oor God se direkte soewereiniteit oor sy skepping nie. Norm 3 handel tereg oor die verlossing in Christus, maar dit is tog 'n leemte dat so weinig oor Christus se Koningskap belei word.

WAARHEID EN DWALING wil hierdie publikasie van harte aanbeveel vir elke gelowige ouer wat worstel oor die nuwe onderwyssituasie in die land.

* * * * *

## GRONDSLAG VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS:

- ★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.

- ★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

- ★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.

*INSKRYWINGSVORM*

## WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej......................................................................

Adres:......................................................................

......................................................................

......................................................................

Poskode:..........................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:......................................................................

Datum:.......................................... Handtekening:..........................................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

# NA DUISTERNIS LIG

Post tenebras lux - Na duisternis lig. Hierdie slagspreuk van die Hugenote is vandag nog net so aktueel as tydens die veelbewoë tyd van die Reformasie in die sestiende eeu en daarna. Met uitsondering van die donker Middeleeue, was die duisternis seker nog nooit só dreigend soos vandag nie:

★ die duisternis van verstandsgodsiens;

★ die duisternis van Skrifkritiek;

★ die duisternis van onbybelse verdraagsaamheid teenoor die verkeerde;

★ die duisternis van onkunde oor God se Woord;

★ die duisternis van ongehoorsaamheid aan God se Woord;

★ die duisternis van die verdagmaking van ons belydenisskrifte en die relativering van Skrifgesag...

Nooit kan die duisternis egter die Lig uitdoof nie -

★ die lig van die Woord,
★ die lig van God se genade,
★ die lig van Jesus Christus se waarheid.

Daarom wil "WAARHEID EN DWALING" niks anders doen nie, as om weer te staan vir die waarheid van God en die gesag van sy Woord in ons denke: Ná DUISTERNIS LIG!

★ ★ ★ ★ ★

## DONASIES

Hierdie uitgawe is moontlik gemaak deur die bydraes van mense wat die skrywe wat hierin aangeroer is, gunstig gesind is. Aan hulle ons hartgrondige dank. Indien u dieselfde standpunte huldig en 'n bydrae tot volgende uitgawes wil maak, sal dit hoog op prys gestel word. Publikasie-onkoste en besonderlik posttariewe het die hoogte ingeskiet. Tans maak ons staat op u goedgesindheid om ons te help om die waarheid te openbaar en die dwaling aan die kaak te stel.

**TENSY ANDERS VERMELD, AANVAAR DIE REDAKSIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE INHOUD VAN ALLE BYDRAES**

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS